**Woensdag 31 Augustus**
**Skrifgedeelte: Psalm 4 (AFR53)**
**Fokusgedeelte: Psalm 4**
**Rus en ons bekommernisse**

Wanneer ons hierdie Psalm lees, dan vind ons vir Dawid wat om die een of ander rede in die nood was. Nood kan enigiets beteken. Die nood wat Dawid hier beleef, herinner hom aan ’n vorige gebeurtenis toe hy ook in die nood was, en die Here hom bevry het (4:2). Kyk net hoe mooi beskryf Dawid dit: Wanneer mens in nood is, dan voel ons vasgedruk, ons sien nie uitkoms nie. Ons kry gefokusde denke – maar gefokus op die probleem. Soos tonnelvisie ... maar nou skryf Dawid dat die Here vir hom weer ruimte gemaak het toe die lewe vir hom te klein geword het. Wat doen hy in daardie ruimte? Hy bid en roep tot sy God van geregtigheid!

Wanneer hy van die versorgende hand van die Here onthou, raak hy tevrede, soos ’n huilende baba rustig raak as sy ma hom vat. As hy terugkyk, dan weet hy weer dat hy kan rustig slaap, want die Here sorg vir hom.

Die beginpunt van elke gelowige se geskiedenis is die kruis van Christus. Ons grootste probleem was dat ons vir God probeer wegkruip het, omdat ons vol sonde is. Maar die kruis en die graf en die opstanding leer ons dat ons nou met God versoen is, dat ons en God weer, deur Christus, bymekaar is. Deur Christus se offer is daar weer vir ons ruimte by God. Wanneer ons dan eerlik na ons eie lewens kyk, is ons geskiedenis ook telkens ’n getuienis van God wat help in nood.

Dan kan ons rustig raak, want by God is daar vir ons ruimte, ruimte wat Christus vir ons gemaak het. Het ons nood en bekommernisse? Beslis, maar ons vrede is en bly nog altyd in Christus – die God van ons geregtigheid!!

*Sing: Psalm 31-1:1, 3*

*Ds. DG Zwemstra (Dinant) (Strand)*